# LES 15: Hulpwerkwoorde

## Uit die werkboek:

### Leer dit: hulpwerkwoorde:

Ons het nou al geleer van twee soorte werkwoorde, koppelwerkwoorde en aksiewerkwoorde. ’n Derde groep werkwoorde is hulpwerkwoorde wat saam met die ander twee soorte werkwoorde optree. Daar is twee soorte hulpwerkwoorde:

- Hulpwerkwoorde van tyd (byvoorbeeld het, sal, gaan)
- Hulpwerkwoorde van vorm (byvoorbeeld moet, moes, kon, kan)

As jy ’n hulpwerkwoord teëkom, merk hom met ’n ***hw***.

### Lees:

Lees die sin.

### Woordeskat en woordstamme:

Soek die vetgedrukte woord op en skryf die nuwe woord en die betekenis wat die beste pas in jou woordelys. Kyk steeds of jy woorde se stamme kan eien.

### Dagstukkies:

Gebruik die afkortings bo-aan die bladsy en merk die sin uit.

### Taalpraatjies:

Ons gaan hierdie week vir die laaste keer sê watter lettergrepe in die storiesinne is oop en watter is geslote. Jou onderwyser of ouer sal jou hiermee help.

### Oorskryf:

Nadat jy die sin uitgemerk het, reggemaak het en met jou onderwyser bespreek het, skryf dit, soos vantevore, foutloos in jou skryfboek oor.

# NOTAS AAN DIE ONDERWYSER

Lees die **LEER DIT** gedeelte oor **hulpwerkwoorde** saam met jou kinders. Daar is 'n reëlkaartjie hieroor ingesluit. Sit die kaartjies in die lêer met taalreëls vir handige verwysing.

Hierdie week soek ons na dié woordsoorte:

- Naamwoorde
- Lidwoorde
- Voornaamwoorde
- Werkwoorde
- Koppelwerkwoorde
- Hulpwerkwoorde
- Bywoorde
- Byvoeglike naamwoorde
- Voorsetsels
- Voegwoorde
- Tussenwerpsels

Ons oefen steeds om sinsafsluitings en aanhalingstekens reg te gebruik. Help die leerders ook om die week se werkwoorde met woema en byvoeglike naamwoorde en bywoorde met byt op te spoor.

Gaan ook voort om nuwe woordeskat op te soek en die woord en die betekenis soos wat dit in ons storie gebruik is, by julle woordelys te voeg.

Daar is dié week ook geleentheid om oor homonieme, trappe van vergelyking en woordstamme te praat.

Hierdie week is ook die laaste keer wat ons doelbewus gaan fokus op oop en geslote lettergrepe. Van volgende week af gaan ons kyk of ons ons kennis oor lettergrepe kan toepas om spelreëls makliker te verstaan.

# DAG 1

## SO LYK DIE UITGEMERKTE STUKKIE:

---

**DAG 1**

+ bw ww L b n
En natuurlik kon die lompe reus nie.

### MAAK DIT REG

**Spring in.** Hier is ’n tydsprong en daarom begin ’n nuwe paragraaf en die eerste reël spring in.

**Sinsafsluitings.** Die sin eindig met ’n punt.

### TAALREëLS

**Naamwoorde** wat met ’n *n* gemerk moet word: **reus.**

**Lidwoorde** wat met ’n L gemerk moet word: **die.**

**Voornaamwoorde** wat met *v* gemerk moet word: geen**.**

**Werkwoorde wat met ww gemerk moet word: kon.**

Gewoonlik is **kon** ’n hulpwerkwoord, maar hier doen hy diens as die hoofwerkwoord van die sin. As daar gestaan het, *die reus kon natuurlik nie oor so ’n hoë boom spring nie* was **kon** wel ’n hulpwerkwoord.

**Koppelwerkwoorde** wat met *kw* gemerk moet word: geen.

**Bywoorde** wat met ’n *bw* gemerk moet word: **natuurlik.**

**Natuurlik** wat hier *vanselfsprekend* beteken, bepaal die werkwoord **kon.**

**Gevorderd: nie** is ’n verdere bywoord wat die bywoord **natuurlik** bepaal. Vir eers merk ons net bywoorde wat werkwoorde bepaal.

**Byvoeglike naamwoorde** wat met 'n *b* gemerk moet word: **lompe**.

**Lompe** bepaal die selfstandige naamwoord **reus.**

**Lomp** vorm trappe van vergelyking: lomp – lomper – lompste.

**Voorsetsels** wat met *S* gemerk moet word**:** geen.

**Voegwoorde** (neweskikkend) wat met *+* gemerk moet word: en

**Gevorderd:** Om taalkundig heeltemal korrek te wees begin mens nie 'n sin met 'n voegwoord nie, maar soms word dit vir effek gedoen. Hier word 'n hele stuk van die storie, naamlik die reus se afgehaalde reaksie as hy besef die kleremakertjie is reg, aan die leser se verbeelding oorgelaat. Deur die sin met 'n voegwoord te begin, kry die kleremakertjie se astrantheid meer klem en word die humor in die situasie verhoog.

**Tussenwerpsel** wat met ***t*** gemerk moet word: geen.

**Woordeskat en woordstamme: Lomp** is vandag se woordeskatwoord. **Lomp** kan die volgende beteken:

- Onhandig
- Weens sy vorm of gewig moeilik om te hanteer (die **lomp** ou bed dra moeilik)
- Sleg gesê, geskryf of gedoen (hy het dit **lomp** gestel)
- Onbeskaaf, onbeleefd (iemand **lomp** behandel)

In ons storie is die woord hier in die eerste betekenis gebruik en dis die een wat in julle woordelys moet kom.

Kyk of julle 'n paar woorde met die stamwoord **lomp** kan vorm. 'n Paar voorbeelde: **lom**perd, **lomp**handig.

**Gevorderd**: Volgens die beide die *HAT* en die *WAT* bestaan die volgende uitdrukking in Afrikaans: jou nie laat **lomp** nie, wat beteken jou nie laat onderkry nie. Ek ken dit glad nie. Wat van jou?

## TAALPRAATJIES

Hier is die dag se storiesin verdeel in lettergrepe met die aanduiding of dit oop of geslote is.

*En(G) na(O)-tuur(G)-lik(G) kon(G) die(O) lom(G)-pe(O) reus(G) nie(O)*

# DAG 2

## SO LYK DIE UITGEMERKTE STUKKIE:

---

**DAG 2**

*b v kw hw v bw S v + v n S*<br>
“Om te wys hoe dapper jy is, sal jy vannag saam met my en my **makkers** in<br>
*v n ww ww L n bw*<br>
ons grot deurbring,” sê die reus suur.

## MAAK DIT REG

**Spring in.** Die reus begin praat en dus begin ’n nuwe paragraaf met ’n inspringende eerste reël.

**Sinsafsluitings en aanhalingstekens.** Die reus se direkte rede word met ’n komma afgesluit, dan sluit die aanhalingstekens en die woord daarna is met ’n kleinletter.

## TAALREëLS

**Naamwoorde** wat met ’n *n* gemerk moet word: **makkers, grot** en **reus.**

**Lidwoorde** wat met ’n *L* gemerk moet word: **die.**

**Voornaamwoorde** wat met *v* gemerk moet word:

- **jy** (twee maal, persoonlike voornaamwoord wat na die kleremakertjie verwys)
- **my** (persoonlike voornaamwoord wat na die reus verwys)
- **my** (besitlike voornaamwoord wat na die reus verwys)
- **ons** (besitlike voornaamwoord wat na die reuse gesamentlik verwys)

**Werkwoorde** wat met *ww* gemerk moet word: **deurbring** en **sê**.

**Gevorderd:** *Om te wys* is ’n infinitiefswerkwoord, wat ons later begin merk. As leerders dit as ’n werkwoord eien, prys hulle.

**Koppelwerkwoorde** wat met *kw* gemerk moet word: **is.**

Alle vorme van die werkwoord **wees (wees, is, was)** is altyd ’n koppelwerkwoord.

**Hulpwerkwoorde** wat met *hw* gemerk moet word: **sal**

**Sal** is ’n hulpwerkwoord van tyd wat gebruik word om die toekoms aan te dui.

**Bywoorde** wat met ’n *bw* gemerk moet word: **vannag** en **suur.**

- **Vannag** bepaal die werkwoord **deurbring**
- **Suur** bepaal die werkwoord **sê**

**Suur** trappe se trappe van vergelyking: suur – suurder – suurste

**Gevorderd:** Daar is meer bywoorde in hierdie sin, maar hulle bepaal nie werkwoord nie en ons merk hulle dus nog nie. **Hoe** bepaal die byvoeglike naamwoord **dapper** en **saam** bepaal die voorsetsel **met.**

**Byvoeglike naamwoorde** wat met *b* gemerk moet word: dapper

**Dapper** bepaal die koppelwerkwoord **is** en is daarom ’n byvoeglike naamwoord en nie ’n bywoord nie.

**Dapper** se trappe van vergelyking:

dapper – dapperder – dapperste

**Voorsetsels** wat met *S* gemerk moet word: **met** en **in**.

**Met** koppel met ’n voornaamwoord, (’n voegwoord) nog ’n voornaamwoord en dan die naamwoord (makkers). **In** volg hier die gebruiklike voorsetselpatroon van: voorsetsel + besitlike voornaamwoord + selfstandige naamwoord.

**Voegwoorde** wat met *+* gemerk moet word: **en.**

Vra die leerders of hulle kan agterkom wat **en** hier saamvoeg. Dis die voornaamwoord **my** en die naamwoordgroep **my makkers.**

**Tussenwerpsels** wat met *t* gemerk moet word: geen**.**

**Woordeskat:** Ons woordeskatwoord is vandag **makkers. Makkers** word gewoonlik vir seuns of mans gebruik. Dit beteken *iemand wat dinge saam met jou doen of gedoen het*.

Volgens die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* kry ons die woord **makker** uit Nederlands waar dit *maat* beteken.

## TAALPRAATJIES

Hier is die dag se storiesin verdeel in lettergrepe met die aanduiding of dit oop of geslote is.

> *Om(G) te(O) wys(G) hoe(O) dap(G)-per(G) jy(O) is(G), sal(G) jy(O) van(G)-nag(G) saam(G) met(G) my(O) en(G) my(O) mak(G)-kers(G) in(G) ons(G) grot(G) deur(G)-bring(G) sê(O) die(O) reus(G) suur(G)*

# DAG 3

## SO LYK DIE UITGEMERKTE STUKKIE:

---

**DAG 3**

S L n ww b b n v bw L b n
In die grot sit nog drie skreeulelike reuse, wat elkeen pas 'n hele skaap
ww hw ww
**verorber** het, rond.

## MAAK DIT REG

**Spring in.** Ons verander van plek en tyd het verloop. Daarom dus 'n nuwe paragraaf met sy inspringende eerste reël.

**Sinsafsluitings.** Die sin sluit met 'n punt af.

## TAALREëLS

**Naamwoorde** wat met 'n *n* gemerk moet word: **grot, reuse** en **skaap**.

**Lidwoorde** wat met 'n *L* gemerk moet word: **die** en **'n.**

**Voornaamwoorde** wat met *v* gemerk moet word: **wat** (betreklike voornaamwoord wat verwys na die reuse).

**Werkwoorde** wat met *ww* gemerk moet word: rondsit, verorber.

**Rondsit i**s 'n deeltjiewerkwoord. Dit word duideliker as mens die verlede tyd probeer vorm: *die reuse het rondgesit.*

**Hulpwerkwoorde** wat met *hw* gemerk moet word:  **het** is 'n hulpwerkwoord van tyd wat van **verorber** 'n verledetydswoord maak.

**Koppelwerkwoorde** wat met *kw* gemerk moet word: geen.

**Bywoorde** wat met 'n *bw* gemerk moet word: **pas**.

**Pas** bepaal die werkwoord **verorber** en antwoord die vraag wanneer het die reuse die skaap verorber.

**Gevorderd: Nog** is ook 'n bywoord, wat die byvoeglike naamwoord **drie** bepaal. Ons merk egter vir eers net bywoorde wat werkwoorde bepaal.

**Byvoeglike naamwoord** wat met *b* gemerk moet word: **drie**, **skreeulelike**, **hele**.

**Drie,** wat eintlik 'n telwoord is, tree hier soos 'n byvoeglike naamwoord op en bepaal die selfstandige naamwoord **reuse.** Ons merk hom dus voorlopig met 'n *b.*

**Skreeulelike** is 'n verdere byvoeglike naamwoord wat **reuse** bepaal. **Lelik** is hier in sy intensiewe vorm gebruik. Die res van **lelik** se trappe van vergelyking: lelik – leliker – lelikste.

**Voorsetsels** wat met *S* gemerk moet word**: in**

**In** volg hier die gebruiklike patroon van voorsetsel plus lidwoord plus naamwoord.

**Voegwoorde (neweskikkend)** wat met *+* gemerk moet word: geen.

**Tussenwerpsels** wat met *t* gemerk moet word: geen**.**

**Woordeskat:** Ons woordeskatwoord vir die dag is **verorber. Verorber** beteken *opeet* of *verslind.* Die woord word gewoonlik informeel of skertsend gebruik.

## TAALPRAATJIES

Hier is die dag se storiesin verdeel in lettergrepe met die aanduiding of dit oop of geslote is. Die woord *elkeen* gee die geleentheid om nog 'n reël oor lettergrepe te leer. Mens verdeel hele woorde wat aanmekaar gevoeg is (ons noem dit samestellings) altyd tussen die oorspronklike woorde. Daarom is dit dus elk-een, want die woord *elkeen* is 'n samstelling tussen twee woorde wat op hulle eie ook kan staan, *elk* en *een.*

> *In(G) die(O) grot(G) sit(G) nog(G) drie(O) skreeu(O)-le(O)-li(O)-ke(O) reu(O)-se(O) wat(G) elk(G)-een(G) pas(G) 'n(O) he(O)-le(O) skaap(G) ver(G)-or(G)-ber(G) het(G) rond(G)*

# DAG 4

## SO LYK DIE UITGEMERKTE STUKKIE:

---

**DAG 4**

*L b n ww S L n v b S L n kw*
Die eerste reus wys na 'n bed, wat **hopeloos** te groot vir die kleremakertjie is.

## MAAK DIT REG

**Spring in.** Ons is steeds in die grot en daar het nie baie tyd verloop nie, dus bly ons in dieselfde paragraaf.

**Sinsafsluitings en aanhalingstekens.** Die sin moet met ’n punt beëindig word.

## TAALREëLS

**Naamwoorde** wat met ’n *n* gemerk moet word: **reus**, **bed** en **kleremakertjie**.

**Lidwoorde** wat met ’n *L* gemerk moet word: **die, ’n** en **die.**

**Voornaamwoorde** wat met *v* gemerk moet word: **wat**.

**Wat** is ’n betreklike voornaam, wat na **’n bed** verwys.

**Gevorderd:** Die kleremakertjie kon met **hom** vervang gewees het, maar dit sou lei tot ’n dubbelsinnige gebruik van ’n voornaamwoord, omdat mens nie seker is of die **hom** na die reus of die kleremakertjie verwys nie.

**Werkwoorde** wat met *ww* gemerk moet word: **wys.**

**Koppelwerkwoorde** wat met *kw* gemerk moet word: **is.**

**Bywoorde** wat met ’n *bw* gemerk moet word: geen.

**Gevorderd:** daar is twee bywoorde in hierdie sin (**te** en **hopeloos**), maar ons merk hulle nog nie, want hulle bepaal onderskeidelik 'n byvoeglike naamwoord en 'n ander bywoord en nie 'n werkwoord nie.

**Byvoeglike naamwoorde** wat met *b* gemerk moet word: groot.

**Eerste** is 'n rangtelwoord, maar ons beskou telwoorde mos voorlopig as spesiale soort byvoeglike naamwoorde en merk hulle met 'n *b.* Hier vertel eerste ons meer van die een reus.

**Groot** is 'n byvoeglike naamwoord, omdat dit die koppelwerkwoord **is** bepaal. **Groot** vorm trappe van vergelyking: groot – groter – grootste.

**Voorsetsels** wat met *S* gemerk moet word: **na** en **vir**.

**Na** en **vir** volg hier die gebruiklike patroon van voorsetsels plus lidwoord plus naamwoord.

**Voegwoorde** wat met *+* gemerk moet word: geen.

**Tussenwerpsels** wat met *t* gemerk moet word: geen.

**Woordeskat en woordstamme:**

Vandag se woordeskatwoord is **hopeloos. Hopeloos** beteken *wat geen hoop blyk te gee nie* of *swak of treurig.* In ons storie is dit in die eerste betekenis gebruik, want die bed het geen hoop om klein genoeg vir die kleremakertjie te wees nie.

Probeer nuwe woorde met die woordstam **hoop** vorm. Hier is 'n paar voorbeelde: **hoop**vol, op**hoop**, opeen**hop**ing

**Hoop** kan ook gebruik word om oor homonieme te praat, want **hoop** beteken óf verwagting of vooruitsig óf 'n klomp goed wat opmekaar lê.

Probeer ook nuwe woorde met die agtervoegsel **-loos** vorm. Dit beteken *sonder.* Hier is 'n paar voorbeelde: uitsig**loos,** siel**loos,** glimlag**loos.**

## TAALPRAATJIES

Hier is die dag se storiesin verdeel in lettergrepe met die aanduiding of dit oop of geslote is.

*Die(O) eer(G)-ste(O) reus(G) wys(G) na(O) 'n(O) bed(G) wat(G) ho(O)-pe(O)-loos(G) te(O) groot(G) vir(G) die(O) kle(O)-re(O)-ma(O)-ker(G)-tjie(O) is(G)*

# DAG 5

## SO LYK DIE UITGEMERKTE STUKKIE:

**DAG 5**

L n hw bw S L n ww v b S L
Die kleremakertjie moes hom maar in 'n hoekie **opkrul** waar hy vas aan die
n kw
slaap raak.

## MAAK DIT REG

**Spring in.** Die aandag verskuif nou na wat die kleremakertjie doen en daarom begin 'n nuwe paragraaf met 'n inspringende eerste reël.

**Sinsafsluitings.** Sluit die sin met 'n punt af.

## TAALREëLS

**Naamwoorde** wat met 'n *n* gemerk moet word: **kleremakertjie**, **hoekie**, **slaap**.
Slaap kan moeilik wees om raak te sien. Die lidwoord reg voor die woord is die beste teken dat ons slaap as 'n naamwoord kan beskou.

**(Baie) Gevorderd:** Hierdie soort aan-die-konstruksies in Afrikaans het die deftige naam van 'n perifrastiese konstruksie. Ek het by professor Gerhard van Huyssteen van Noordwes Universiteit gaan kers opsteek wat hier gebeur. Sy raad om dit makliker vir ons kinders te verduidelik, is:

1. 'n werkwoord soos "slaap" kan in verskillende kontekste verskillende funksies (of woordsoorte) hê; en
2. woorde en groepies woorde kan met verloop van tyd ander betekenisse en funksies ontwikkel.

Hy het ook die volgende antwoord verskaf vir diegene wat belangstel in die taalkunde:

*Stapsgewys sou 'n mens die ontwikkeling in eenvoudige taal só kon uitbeeld:*

1. *"Slaap" is in sy primêre funksie 'n werkwoord: "Hy slaap".*
2. *Deur omskakeling ("conversion"/ "zero derivation") kan "slaap" ook as naamwoord gebruik word: "Slaap is lekker" of "Ek hou van slaap".*

3. *Oorspronklik (eintlik in Nederlands) kon hierdie naamwoord ook ná 'n koppelwerkwoord gebruik word (as deel van 'n voorsetselstuk): "Hy is of hy raak aan die slaap".*
4. *Maar in Afrikaans gebeur daar nou grammatikalisering en konstruksionalisering en al sulke interessante goed waardeur die hele eerste stuk ("is of raak aan die") die funksie van 'n progressiewe aanduider kry, byna asof dit 'n hulpwerkwoord sou kon word op 'n stadium, of so iets.*

My verduideliking vir myself is dat hierdie soort aan-die-konstruksies 'n poging van Afrikaans is om iets aan te dui wat aangaan, amper soos die -*ing* agtervoegsel wat mens in Engels kry. Dis waar die progressiewe aanduider inkom. Hier is meer sulke voorbeelde:

*Spring aan die werk! Raak aan die organiseer! Hulle bly aan die veg met mekaar!*

Stuur asseblief vir my 'n e-pos as jy hierin belangstel. Daar is 'n lang artikel hieroor beskikbaar, maar dit gaan waarskynlik net van belang vir groot taalliefhebbers gaan wees. Interessant genoeg, is hierdie soort konstruksies is volgens die navorsing aan die toeneem (en daar het ek dit so pas weer gebruik!)

**Lidwoorde** wat met 'n *L* gemerk moet word: **die, 'n** en **die.**

**Voornaamwoorde** wat met *v* gemerk moet word: **hy** (persoonlike voornaamwoord in die plek van die kleremakertjie).

**Gevorderd: hom** is 'n wederkerende voornaamwoord. Wederkerende voornaamwoorde kom eers later aan die beurt. As leerders dit as 'n voornaamwoord oplet, prys hulle daarvoor. Dit dui op uitstekende taalbegrip.

**Werkwoorde** wat met *ww* gemerk moet word: **opkrul**.

**Koppelwerkwoorde** wat met *kw* gemerk moet word: **raak**

Dit kan dalk vir die leerders moeilik wees om in te sien dat **raak** 'n koppelwerkwoord is. Onthou die reël, as mens die werkwoord met **is** kan vervang en die sin steeds sin maak, is dit waarskynlik 'n koppelwerkwoord. Ons kan sê: *hy is aan die slaap.* Dis hoe ons weet **raak** is 'n

koppelwerkwoord en nie 'n aksiewerkwoord nie. Vergelyk ook: *hy raak vaak.*

**Hulpwerkwoorde** wat met *hw* gemerk moet word: **moes.**

**Moes** (die verlede tyd van moes) is 'n hulpwerkwoord wat aan **opkrul** verpligting verleen.

**Bywoorde** wat met 'n *bw* gemerk moet word: **maar**.

**Maar** bepaal die werkwoord **opkrul** en beteken hier *werklikwaar*.

**Byvoeglike naamwoord** wat met *b* gemerk moet word: **vas**.

**Vas** bepaal die koppelwerkwoord **raak** en is dus 'n byvoeglike naamwoord. Vas vorm trappe van vergelyking: vas – vaster – vasste – bankvas

**Voorsetsels** wat met *S* gemerk moet word: **in** en **aan**.

**In** en **aan** volg die tipiese patroon van voorsetsel plus lidwoord plus naamwoord.

**Neweskikkende voegwoorde** wat met *+* gemerk moet word: geen.

**Gevorderd:** Die *HAT* gee in 'n soortgelyke voorbeeldsin die woord **waar** op as 'n voegwoord of 'n bywoord. Ons behandel later hierdie spesiale klas van voegwoorde wat bysinne inlui.

**Tussenwerpsels** wat met *t* gemerk moet word**:** geen.

**Woordeskat en woordstamme: Opkrul** is vandag se woordeskatwoord. Die woord het twee betekenisse en kan dus gebruik word as 'n homoniem.

**Krul** kan die volgende beteken:

- Boontoe laat gaan deur te krul (sy het haar hare opgekrul)
- Inmekaarrol

In ons storie is **opkrul** in die tweede betekenis gebruik.

Probeer ander woorde maak met die stamwoord **op.** Hier is 'n paar voorbeelde: **op**rol, **op**roerig, **op**gemors.

En met die stamwoord **krul: krul**kop, **krul**lerig, **krul**lers.

**Werkwoorde met woema: verorber, opkrul.**

**Bywoorde en byvoeglike naamwoorde met byt:** dié week se bestes: lompe, suur, skreeulelike.

## TAALPRAATJIES

Hier is die dag se storiesin verdeel in lettergrepe met die aanduiding of dit oop of geslote is.

> *Die(O) kle(O)-re(O)-ma(O)-ker(G)-tjie(O) moes(G) hom(G) maar(G) in(G) 'n(O) hoe(O)-kie(O) op(G)-krul(G) waar(G) hy(O) vas(G) aan(G) die(O) slaap(G) raak(G)*

## OPLOSSING VAN BLOKKIESRAAISEL

15-MINUUT-AFRIKAANS

15

OPLOSSING

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | V | | | | | | | |
| | | | | | | | E | | | | | L | | |
| | | | | | | | R | | | | | O | | |
| | | | | H | | | O | | | M | | M | | |
| | O | | | O | | | R | | D | A | P | P | E | R |
| | P | | | P | | | B | | | K | | | | |
| S | K | R | E | E | U | L | E | L | I | K | | | | |
| | R | | | L | | | R | | | E | | | | |
| | U | | | O | | | | | | R | | | | |
| | L | | | O | | | G | | | S | | | | |
| | | | | S | U | U | R | | | | | | | |
| | | | | | | | O | | | | | | | |
| | | | | | W | A | T | | | | | | | |